

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 05 Sep 2018
Page: 7

AVE: 43424.94
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Tuks weer eens tops

**Wilhelm de Swardt**

Goed… beter… Tuks!

Dit is een manier om die vertoning van Tuks se swemmers by die Suid-Afrikaanse Universiteite-byeenkoms te beskryf.

By die onlangse gala in Port Elizabeth in die Oos-Kaap is die Tuks-span vir die tweede agtereenvolgende jaar as die algehele kampioen gekroon. Verlede jaar het Tukkies die Maties met 'n skrale 6,5 punte geklop. Dié keer is die punteverskil meer as 200.

Tuks se vroue- en manspanne het albei ook hul onderskeie spankompetisies gewen.

Die laaste keer dat Tuks verloor het, was in 2015. Die einste Maties het hulle toe met ses punte geklop. Dit was die eerste keer in agt jaar dat Tuks nie die nasionale studentetitel ingepalm het nie. Weens die studentebetogings het die byeenkoms nie in 2016 plaasgevind nie.

Dit is geen verrassing dat Tatjana Schoenmaker, Suid-Afrikaanse Statebondspele-kampioen in die 100 m- en 200 m-borsslag, se sege in die langer borsslagnommer die beste gemeet aan internasionale standaarde was nie. Haar wentyd is heelwat stadiger as waarmee sy by die Spele gewen het, maar by die Studente-byeenkoms is tye irrelevant.

"Die swemmers 'bloei' vir hul universiteit: Alles gaan oor punte. Dit is waarskynlik een van die taaiste galas in Suid-Afrikaanse swem. Die meeste swemmers neem aan ses verskillende items deel, baie keer items waarin hulle selde of ooit in aksie is," sê Rocco Meiring (Tuks-hoofafrigter).

Benewens haar seges in die drie borsslag-items (200 m-, 100 m en 50 m) het Schoenmaker ook die 200 m- individuele wisselslag gewen en was sy tweede in die 800 m-vryslag asook die 100 m-vryslag.

Nathania van Niekerk (Tuks) is die vroueswemmer wat die meeste punte vir haar span losgeswem het. Sy het al drie rugslagnommers (200 m, 100 m en 50 m) gewen, asook die 200 m- en 400 m-vryslag en was tweede in die 200 m-vlinderslag.



**Tatjana Schoenmaker van die Universiteit van Pretoria se sege in die 200 m-borsslag by die Suid-Afrikaanse Studenteswembyeenkoms was die beste gemeet aan internasionale standaarde.** Foto: REG CALDECOTT

Ross Hartigan (Tuks) was die beste manswemmer. Hy het die 1 500 m-vryslag, 200 m-vlinderslag, 400 m- individuele wisselslag en 400 m-vryslag gewen en was derde in die 200 m-vryslag. Meiring glo Hartigan is 'n swemmer om dop te hou.

"Ross het my al verras met sy vertonings op die Suid-Afrikaanse kortbadbyeenkoms. Dit is asof hy met ál meer selfvertroue swem."

Jan-Petrus van der Merwe, spankaptein, is die "ou man" van die Tuks-span. Dit was die vierde keer dat hy aan die SA Studentebyeenkoms deelneem. Meiring is beïndruk dat hy op sy eie besluit het om borsslag te swem om ekstra punte vir sy span te verdien.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.